Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 | Kaapstad, 23 Augustus 1950 | Prys 3d. | No. 40

# DIE UNIALE LAERTREK IN BLOEMFONTEIN

Die eerste aankondiging in DIE O.B. van verlede week dat die derde Uniale Laertrek van die Ossewabrandwag vanjaar op 7 en 8 November in Bloemfontein gehou gaan word, het groot nuuskierigheid by O.B.-lede in Kaapstad en in die westelike provinsie gaande gemaak.

Hier volg 'n paar losstaande besonderhede waaroor herhaaldelik navraag gedoen word:

- Die Bloemfonteinse stadsaal is reeds bespreek.
- Alle beskikbare Hotel-losies is reeds bespreek.
- 'n Komitee van mans en vroue onder leiding van mnr. Frans van der Walt (generaal in Bloemfontein) is reeds besig om die nodige reëlings ter plaatse te tref.
- Daar word voorsiening gemaak vir 'n tentdorp waar laergangers desverkiesend kan tuisgaan.
- Alle navrae oor die Laertrek moet gerig word aan Die Stafhoof, Posbus 1411, Kaapstad; of Die Stafhoof, Posbus 1059, Pretoria.
- Aanstaande week word omsendbriewe aan die kommando's gepos waarin volledige besonderhede oor alle sake rakende die Laertrek verstrek sal word.
- Die Breë Grootraad wat op Dinsdagoggend, 7 November vergader bestaan uit al die lede van al die Gebiedsrade.
- Prof. Dirk van Rooy, waarnemende K.G., sal later die program aankondig wat op die Laertrek uitgevoer sal word.
- Lede van die O.B. moet hul sake so inrig dat hulle vry is om die Laertrek te kan bywoon.

## Afrikaans Word Afrika-Taal

„Afrikaans het reeds die grense van Rhodesië, Kenia en Tanganjika oorgesteek en ek meen dat dit binne die volgende 75 jaar die taal van Afrika kan word," het mnr. Stephen Eyssen, L.V., verlede week in Johannesburg gesê by geleentheid van die onthulling van 'n gedenkplaat ter herdenking van die Genootskap van Regte Afrikaners by die Afrikaanse hoërskool in Kensington.

Afrikaans is nie net 'n Suid-Afrikaanse taal nie, maar een wat stadig maar seker noordwaarts beweeg, het hy gesê.

(Vervolg van kolom 4)

die deurdagte toespraak wat hy gelewer het. Laat elkeen van ons wat vanaand hier teenwoordig is huis-toe gaan en vir homself die vraag gaan vra: Waarom is my volk verdeeld? het mnr. Malan gesê. En as hy vir homself die antwoord gegee het, laat hy dan verder vra: **Is die eenheid van my volk nie meer werd as die ding wat hom verdeel nie?** Mnr. Malan het voorts gesê dat adv. De Vos se duidelike uiteensetting dit vir elkeen maklik sal maak om vir homself die regte antwoorde te verstrek en om derhalwe die regte koers in te slaan.

## Berou Steek Kop Uit

**Berou oor die oorlogsbeleid is besig om sy kop in die Engelse pers uit te steek. Nadat 'n woordestryd tussen ondersteuners en teenstanders van die nasionale onsydigheidsbeleid gedurende die afgelope oorlog in die Cape Times die afgelope paar weke gewoed het, skryf H. Mayston as volg:**

„Die huidige wêreldtoestand sou nie ontstaan het indien die lot van die leidende moonthede in die jare kort na die eerste wêreldoorlog in die hande van staatsmanne in plaas van politici was nie. Want dan sou Denikin en sy vriende wat Rusland wou red van die Rooi oorheersing die nodige steun gekry het en sou daar geen Sowjet gewees het en waarskynlik ook geen Hitler en geen tweede oorlog nie. **In elk geval kon die huidige toestand afgewend gewees het indien toegelaat was dat die honde mekaar opgevreet het. Ek meen dat geen hulp aan Rusland in 1941 gegee moes geword het nie, sodat die twee lande totaal uitgeput kon geëindig het.**

# Rooi Lidmaatskap As Lewenspolis Vir Duitsers

**In verband met die „groeiende Kommunistiese bedreiging binne die Wes-Duitse Republiek", skryf 'n korrespondent van die Cape Times uit Bonn dat die Geallieerdes Wes-Duitsland in 'n swak staat van verdediging teen hierdie gevaar gelaat het weens die verspreiding van die politieke gesag oor die provinsies en binne 'n onbeperkte aantal partye, terwyl die Kommunistiese Party verenigd staan.**

**Die berig vermeld dat daar verskillende bedekte Kommunistiese organisasies tot stand gebring is en dat die mense nou na hierdie organisasies stroom in die verwagting dat hulle behoue sal bly in geval van 'n Kommunistiese oorrompeling.**

Die Bonn-regering is dan ook opgeroep om stappe te oorweeg ten opsigte van die beheer van of verbod op sulke organisasies asook die uitskopping van Kommuniste uit sleutelposisies.

In Laer Sakse en in Hamburg, so word verklaar, behoort een-derde van die amptenare aan sulke Kommunistiese organisasies omdat hulle lidmaatskap daarvan beskou as 'n metode van lewensversekering.

Voortgaande word verklaar dat hoewel die Kommuniste in die jongste parlementêre verkiesings swak gevaar het, hul krag buite die parlement aan die toeneem is — iets wat bevorder word deur die voortbestaan van die Kommunistiese Party as 'n wettige organisasie. (Lees ons hoofartikel).

## Oos-Duitse Leier Verwys Dreigend Na Korea

**Die omverwerping van die Wes-Duitse staat is deur die Oos-Duitse premier, Otto Grotewohl, aangekondig by geleentheid van 'n konferensie van Kommunistiese afgevaardigdes uit 23 lande.**

**In sy toespraak het Grotewohl gesê dat van enige middel gebruik gemaak moet word in die stryd teen demokratiese imperialisme. „Ons wil nie net op demokratiese wyse aangaan nie. Die huidige toestand eis optrede ooreenkomstig die houding wat die Westerse moondhede aangeneem het — dat mag reg is."**

**Hy het voortgaande verwys na wat in Korea gebeur het en gesê dat die geslaagde metodes daar op Duitsland toegepas kan word. Hy het 'n beroep op die ou „Nazi-generaals" gedoen om aan te sluit by die beweging om die Westerse moondhede uit Duitsland uit te werp.**

**Dit is duidelik dat die Kommuniste nie net die oorlogse ashoop van die Westerse propaganda as 'n geestelike arsenaal vir hul stryd teen die Weste gebruik nie, maar nou fluks op pad is om die uitworpelinge van die Weste se oorlogshaat — die Nazi's — vir hul doeleindes in te span.**

# Wellington Hou Puik Braaivleisfunksie

**Die kommando's van Wellington het verlede Vrydagaand 'n vrolike en gesellige braaivleisfunksie gehou op die plaas Houtbaai van mnr. C. P. J. du Toit, die plaaslike kommandant. Reeds vroeg die aand het groot vure gebrand op die werf om die gloeiende kole te verskaf waarop die vleis gebraai sou word. En toe die eerste gaste aankom, het die heerlike geur van gebraaide vleis reeds oor die werf gehang.**

**Die geleentheid was die viering van die twaalfde verjaardag van die Ossewabrandwag en adv. J. de Vos (hoofgeneraal) het van Kaapstad oorgekom om die feesrede te hou in die waenhuis op die plaas. Daar was 'n goeie opkoms en voordat die toespraak om agtuur begin het, is meer as 'n half-dosyn skape smaaklik opgeëet. Maar die vleis was volop en mnr. H. H. Roos kan nog 'n paar heerlike skaapribbetjies opveil vir die gelukkige kopers om huis-toe te neem.**

## President Sal Hele Volk Lei

**Die O.B.-vroue, onder leiding van mev. J. Retief (kommandante) het gesorg dat elkeen genoeg vleis en toebroodjies en poeding kry. Die etery het in die waenhuis plaasgevind en onder gesels en skerts het dit prettig verloop.**

### VERWELKOM

Mnr. Du Toit, die kommandant, het al die aanwesiges hartlik welkom geheet — die O.B.-lede van Wellington en die lede van buur-kommando's wat oorgekom het sowel as die andersdenkende vriende wat ook op die funksie teenwoordig was. Hy het laasgenoemdes bedank vir hul oorkoms en belangstelling en hulle verseker dat hulle welkome gaste is.

Prof. dr. J. H. Greyvenstein het die vergadering met 'n kragtige gebed geopen.

Die kommandant het gesê dat adv. De Vos een van die jong Afrikaners is wat reeds sy merk gemaak het in die O.B. Hy en almal sien uit na sy boodskap.

### VOLKSEENHEID

Adv. De Vos het gesê dat hy die Ossewabrandwag nog ondersteun met sy hele hart en met sy hele verstand, want die beweging bevredig nie alleen sy gevoel as Afrikaner nie, maar ook sy rede as denkende mens. Die O.B. het gekom om alle lede van die volk te verenig. Die man, die vrou en die kind, die man van aksie sowel as die denker. Die O.B. verteenwoordig die volk in sy geheel en daarom was sy doel deurgaans: Volkseenheid.

### PARTYKOUKUS

Die O.B. is gekant teen die partystelsel wat die partyleier regeringshoof maak en wat die voortbestaan van sy regering geheelenal afhanklik maak van die onvoorwaardelike ondersteuning van sy partygenote in die parlement. Dit vereis die diktatuur van die partykoukus want as die eerste minister se partygenote nie stem volgens die partyvoorskrifte nie val die regering. En dit is tog vanselfsprekend onmoontlik om elke paar maande 'n algemene verkiesing te hou. **Derhalwe is die prys wat vir die voortbestaan van die partyregering betaal moet word slaafse onderworpenheid aan die party.**

### REPUBLIKEINSE GRONDWET

Die O.B. verkies die presidensiële stelsel van regering waarvolgens die volk 'n president kies wat vir 'n bepaalde tydperk regeer — net soos die president van die V.S.A. en die presidente van die Republieke en soos in vooruitsig gestel deur die Republikeinse grondwet van die veertiger jare. Die lede van die volksraad en die gemeenskapsraad kan dan vryelik ooreenkomstig die belange van hul kiesers stem en praat. **Hiervolgens kry die verkose verteenwoordigers van die volk die vryheid van hul gewete en oortuiging terug.** Al stem hulle ook teen 'n wetsontwerp wat van die president afkomstig is, val die regering nie — want die president regeer vir 'n vasgestelde tydperk.

### VOLKSBELEID

**Onder so 'n stelsel is dit moontlik om die ware openbare mening te mobiliseer agter 'n rigting wat die volk wil inslaan. Adv. De Vos het gesê dat onder 'n stelsel soos die O.B. bepleit, sal die president die eenheid van opvatting wat ongetwyfeld vandag by alle blankes in ons land oor kleuraangeleenthede aanwesig is, kan mobiliseer agter 'n volksbeleid wat kragtig uitgevoer kan word.** Onder die huidige stelsel kan dit nie gebeur nie want dit is die taak van die politieke party wat in opposisie is om die totstandkoming van 'n gesamentlike volksbeleid te verhoed en om die eenheid van opvatting wat by lede van die volk mag bestaan kunsmatig uit te wis sodat die botsende partyopvattings kan voortwoeker.

### ELKEEN MOET VRA

Mnr. J. F. Malan het die spreker bedank vir sy oorkoms en

(Vervolg in kolom 1)

---

**Die Kommunistiese leier in België, Julien Lahaut, is verlede week deur twee persone in sy huis doodgeskiet. Die moord het Kommuniste dwarsdeur Europa in beroering gebring en selfs in Italië is 'n uurlange staking uitgeroep op die dag van sy begrafnis.**

---

**Honderd Duitse meisies sal deur die Transvaalse Provinsiale Raad gewerf word om as verpleegsters opgelei te word, terwyl 'n aantal opgeleide verpleegsters in Holland gewerf sal word.**

---

**Een en 'n half miljoen Duitsers is nog werkloos in Wes-Duitsland.**

## 8 Nazi's en Graziani Vrygelaat

**Maarskalk Graziani, voormalige Italiaanse opperbevelhebber wat sy aan sy met die Duitsers geveg het, sal op 29 Augustus losgelaat word nadat hy slegs 'n paar maande van sy vonnis van 19 jaar tronkstraf uitgedien het. Hy is in Mei veroordeel weens samewerking met Duitsland, maar weens sy dapperheid en diens aan die vaderland het die hof beslis dat sy vonnis vanaf sy gevangeneming in April 1945 sou tel. Dit het hom veertien jaar gelaat, maar ook dit is hom nou vrygeskeld.**

Agt voormalige Nazi's, onder wie Otto Dietrich, perstoof onder die Hitler-bewind, wat in 1946 tot verskillende termyne tronkstraf veroordeel is in Neurenberg, is verlede week deur die Amerikaanse besettingsowerheid in vryheid gestel voor uitdiening van hul vonnisse. Die aankondiging van hul vrystelling het gelui dat afslag gegee word vir goeie gedrag.

DIE O.B., WOENSDAG, 23 AUGUSTUS 1950

# SAAD VAN VERRAAD LEWER SY OPBRENGS

Bekommernis bestaan in die Weste oor die verskynsel in Wes-Duitsland van toenemende getalle Duitsers wat aansluit by Kommunistiese organisasies in die hoop dat hulle daardeur gevrywaar sal wees van vervolging in geval die Kommuniste Duitsland oorstroom. Die toestand word in so 'n ernstige lig beskou dat 'n berig in die Engelse pers gewag maak van die noodsaaklikheid om hierdie organisasies, „wat 'n belangrike rol in Wes-Duisland speel", in die ban te doen. Na skatting het reeds een-derde van die staatsamptenare in Laer-Sakse en Hamburg „hierdie vorm van lewensversekering uitgeneem."

Dat die Duitsers en veral die Duitse amptenare hul toevlug tot hierdie soort beveiliging neem, is iets waaroor die Westerse politici nie verbaas hoef te wees nie. In die eerste jare na die oorlog is daar skoonskip gemaak met almal wat enigsins die smet van onderdanigheid aan die Hitlerbewind gehad het. **As 'n amptenaar nie 'n uit-en-uit teenstander of verraaier van die Duitse bewind was nie — 'n bewind wat wel die erkenning van al die Westerse volke voor die oorlog gehad het — dan is hy uitgeskop indien hy gelukkig genoeg was om nie in die tronk gestop en van sy besittings onteien te word nie.** Daar is vandag nog duisende Duitsers wat in kampe en tronke betaal vir hul lojale diens aan die vorige bewind.

### KOMMUNISTE HERSTEL

Die deel wat agtergebly het of in die plek van die gesuiwerdes aangestel is, was meestal linksgesinde elemente in sover hulle nie volslae kommuniste was nie. Kommunistiese skuim wat onder die Hitlerbewind die wyk geneem het of in tronke gewerp was, is deur die „bevryders" in hooggeplaaste posisies herstel ten einde die demokratisering van Duitsland honderd persent te verseker. **Hierdie elemente vind dus maar 'n natuurlike tuiste in enige kommunistiese organisasie, bedek of openbaar. Dit is die klas van man wat die Britse en Amerikaanse oorwinnaars as binnelandse bondgenote in Duitsland verkies het net soos hulle Kommunistiese Midde-Europese state as buitelandse bondgenote verkies het bo Nasionale Spanje. Deur nou te jammer oor die gevare van 'n Kommunistiese vyfde kolonne in Wes-Duitsland, is maar net 'n verdere erkenning van die bankrotskap van hul oorlogs- en na-oorlogse beleid.**

Maar die Duitser wat die suiweringsproses of „denazifikasie" soos dit genoem is, belewe het, en daarby weet dat die Westerse State nie in staat is om hulle teen 'n Kommunistiese aanslag te beskerm nie nadat hulle alle moontlikheid van selfbeskerming ontneem is, **het geleer dat dit beter is om vroegtydig die kant van die oorwinnaar van die komende oorlog te kies, want met 'n oorwinnende Sowjet sal daar seer seker 'n „de-mokratisering" plaasvind op die patroon wat die Westerse kampvegters vir die beskawing uitgeknip het.**

### VRUGTE VAN VERRAAD

**Die beleid om die Duitse volk te vernietig met inwendige en grootskaalse verraad, is dus nou besig om sy vrugte te werp in die skoot van Stalin — die man wat die wapen van verraad so hoog ontwikkel het dat sy werktuie vandag openlik en strafloos in „demokratiese" lande by voorbaat kan aankondig dat hulle hul vaderlande in die steek gaan laat in geval van oorlog teen die Sowjet.**

Maar ons sien ook hoe die waarskuwings van manne met insig teen die Neurenbergse kranksinnigheid besig is om bewaarheid te word — **die waarskuwing naamlik dat verantwoordelike persone in die toekoms nie meer bereid sal wees om hul land te verdedig teen buitelandse agressie nie uit vrees dat hulle mag verloor en dus opgehang sal word.** Die enigste alternatief daarvoor, so is gewaarsku, sal wees 'n nog bloediger oorlog as die afgelope omdat moderne oorloë geen genade meer betoon nie.

Die geskiedenis van slegs vyf jaar het dus reeds klaar getoon dat die terugvalling na barbarisme waarvoor die Westerse politici hulle laat gebruik het, per slot van sake net die barbarisme van Stalin ten goede gekom het. Die Christendom en beskawing kan nie met barbaarse middele verdedig word nie.

**O.B. JAARGANGE**

**JAARGANGE 1947-48 — JAARGANGE 1948-49**

**Nou verkrygbaar teen £1 5s. elk. Posgeld ingesluit.**

***VOORRAAD BEPERK***

**BESTEL DUS DADELIK BY:**

**VOORSLAG (EDMS.) BPK.**

**Groote Kerk-gebou 703 — Kaapstad**

*Agter Die Siegfriedlinie (3)*

# DIE FINSE VRYHEIDSTRYD

**Een van die interessantste tema's van die boek van Sven Hedin handel oor sy voortdurende pogings om die posisie van sy eie vaderland in die eerste plek sowel as dié van die engverbonde Finse volk te beveilig.**

**Wat die leser hier weer tref, is die rol wat die skrywer instaat was om in die sfere van die Derde Ryk te speel.**

### FINLAND WEK MEEGEVOEL

Die heldestryd van die Finse volk toe hulle deur die Russiese militêre oormag bedreig is, is ook in Suid-Afrika nog vars in die geheue. Indertyd, so vertel Hedin, het dit ook agter die Siegfriedlinie gemoedere gaande gemaak. Die stryd van die Finne is in Skandinawiese lande, in Duitsland self en in Italië met belangstelling en meegevoel gevolg. In die geval van Swede was die belangstelling besonder groot en nie ongemengd met vrees nie. Die Finse lot van vandag mag die Sweedse van môre wees; aldus die vrees van Sweedse patriotte.

### HEDIN GRYP IN

Dit was vir Hedin die aanleiding tot persoonlike bemoeiing met die Franse vraagstuk. Agter die skerms is hy deur Finse vlugtelinge wat hulle land se posisie op die hart gebind het sowel as die hoogste Sweedse instansies genader met die doel om behulpsame optrede van die hoofleiding van die Derde Ryk teenoor Finland te verkry.

### ONDERHOUDE MET HITLER EN ANDERE

Bloot in persoonlike hoedanigheid het Hedin van sy besondere prestige gebruik gemaak om vertroulike onderhoude te verkry. Von Ribbentrop, Göring, Göbbels en Hitler self, om maar net die deurlugtigste name te noem, is deur hom besoek en met sy gawe van diplomatiese takt bearbei — en nie sonder gevolge nie.

### DUITSLAND SE PROBLEME

**By die Duitse leiers is hy uiters simpatiek ontvang. Klaarblyklik wou hulle graag van hulp wees om Finland te red, maar hulle was verplig om die handhawing van vrede met Rusland as 'n eerste voorvereiste vir hulle diplomatieke optrede te beskou.** Met hierdie standpunt, soos baie duidelik blyk, was Hedin ten oorvloede eens want niemand het beter as hy geweet hoe ontsaglik die bronne van Rusland is en hoe noodlottig die gevolg vir die wêreld sou wees as Rusland met Duitsland in oorlog sou geraak nie.

Nietemin was die voortbestaan van Finland en die beveiliging van die grense van die Weste teenoor die Asiatiese kolos van die Kremlin, volgens sy beskouing, juis vanweë die sluimerende gevare deste noodsaakliker. Finland moes gered word.

### ARGUMENTE TEN BEHOEWE VAN FINLAND

Steeds het hy beklemtoon: voortsetting van die stryd teen **Finland bly 'n uitnodiging aan** die Bondgenote om hulle daar in te meng, moontlik sonder gevolg soos in Pole, en tegelyk die simpatie van die wêreld te verwerf; hierdie simpatie kon en moes Duitsland deur aan die agressie van Rusland halt te roep, verkry; dit sou 'n daad van weergalose sedelike waarde wees en Duitsland enorme prestige besorg; voort is Swede intiem, indien nie formeel-juridies nie, in die stryd gemoeid, want Finland was vir ses eeue deel van die Sweedse Ryk, Finland is 'n brokstuk van Sweedse wese, geskiedkundig-, kultureel- en volkekundiggesproke.

Elke keer kom hy dan met die vraag aan Hitler, aan Göbbels, aan die andere: Wat gaan julle

**Deur J. de Vos**

doen? Sal die Nuwe Europa van Duitsland na die sege van die Weermag daarvan hou om Rusland op die drempel van die Weste te hê? Kan julle bekostig om soveel Germaanse bloed verlore te laat gaan?

### DUITSE LEIERS ANTWOORD

Die antwoorde was steeds: wat kan Duitsland nou doen? Duitsland durf die vrede met Rusland nie stoor nie; Finland behoort sy toestand realisties te betrag en so gou moontlik met Rusland vrede te sluit. Göbbels het laggend toegegee dat Rusland nouliks as selfgenooide gas in die voorportaal aan die oosgrens welkom sou wees. „Dog daaroor, **Herr Doktor Hedin**, kan ons nie nou praat nie . . . . "

### HEDIN WAS WELKOM

Nietemin het die hoogste maghebbers van die Europa van die veertiger jare, nog 'n skrapse dekade gelede . . . . , geluister en hom vir sy inligting en belangstelling bedank. Die beste bewyse wat hy miskien vir die egtheid van sy verwelkoming onder die grotes kon vind was nuusberigte wat na dié of dáárdie besoek aan 'n Minister in die Berlynse koerante verskyn het.

Na sy besoek aan Göbbels het Hedin verskonend aan 'n hoë raadsheer van die departement van propaganda gesê dat hy die **Herr Reichsminister** ongelukkig lank besig gehou het, waarop die antwoord gevolg het: „Ja, maar dit was die moeite werd, die gesprek was besonder gewigtig en insiggéwend."

### BERIGTE EN NAVRAE

Toe die koerante van hierdie lang onderhoud met Göbbels 'n berig plaas, het dit in wye kringe opsien gebaar. Per telefoon en per brief het hy betuigings van belangstelling ontvang. Die Sweedse Minister het hom laat haal om persoonlik ingelig te word. Generaal Gilbert Hamilton, adjudant van die oud-Keiser te Doorn, het hom kom meedeel dat sy heer die pogings met spanning volg. Dan was daar briewe van handelaars wat wou weet of die paaie in Sentraal-Asië deur vragmotors begaanbaar is, of skaapwol vandaar na Duitsland kon ingevoer word en van jongelui wat sy hulp vir reise en die uitgee van boeke wou hê! Eienaardig en universeel is die vrugte van reklame.

### DIE FINSE VREDE

Toe skielik gebeur dit. By hom onder sy gaste in die Kaiserhof een aand was 'n raadsheer van die Duitse departement van buitelandse sake. Om twaalfuur middernag het hy na 'n private telefoon gegaan en na 'n kwartierlange gesprek met sy kantoor het hy die nuus aan die versamelde gaste gebring: „Finland en Rusland het vrede gesluit!" Die inligting is jubelend ontvang.

Weliswaar was die vredesvoorwaardes nie so lig as wat kon verlang word nie; hulle was egter ook nie so swaar as wat moontlik was nie. Die vrede was in elk geval Finland se redding van algehele ondergang. In Berlyn het ‚ingeligte kringe' vir Hedin daarvoor die krediet laat toekom.

### INTERESSANTE NASKRIF

Die onversaagde vaderlander was nog nie tevrede nie. Hy het verdere aanslae op Finland gevrees en wou weet hoe die Duitse opperbevel Sweedse hulp aan Finland sou vertolk. Hy het by die allerhoogste gesag aangeklop. Die Führer het hom vriendelik ontvang. Na heelwat ernstige navrae van Hedin oor die Finse posisie deel Hitler hom toe mee, **vir sy oor alleen,** met slegs die enkele uitsondering van die koning van Swede ten behoewe van wie Hedin die reg gevra het om hom die inligting te mag oordra, as volg: **Molotov het tydens sy bekende besoek aan Berlyn meegedeel dat Rusland die hele Finland wou beset, dog Hitler het sondermeer die gedagte teengestaan. Dit sou Duitsland geensinds behaag nie. Finland het ook voortaan niks van Rusland te vrees nie; so het Hitler verseker.**

**Nog wou Hedin versekerings verkry. Sê nou maar net Rusland sou vir Finland weer binneval . . . . Tweemaal weer het Hedin sy vrees gelug en nog tweemaal het Hitler hom heftig dog vriendelik in die rede geval met die absolute versekering dat so 'n gevaar eenvoudig nie denkbaar is nie en dat Rusland dit duidelik verstaan en aanvaar dat Duitsland geen genoeë met so 'n stap sou neem nie. Dit is Molotov duidelik aan die verstand gebring.**

### AFLOOP . . . .

Die inhoud van dié geskiedkundige gesprek is op versoek van Hedin deur dr. Meiszner, hoof van die Rykskanselary, wat ook by alle dergelike onderhoude van Hitler teenwoordig was, op skrif gestel en aan die Sweed gegee. Op die fyn papier met die briefhoof **Präsidialkanzlei des Führers und Reichskanzlers** bo aan is dit sekerlik een van die skrywer se kosbaarste stukke.

Dit boekstaaf die triomf van 'n Sweedse patriot.

**Dit boekstaaf ook beslissende Duitse optrede ten opsigte van 'n saak wat wêreldrugbaarheid verwerf het en van kardinale belang vir die beskawing was.**

Dr. Meiszner het aan Hedin nog 'n rede vir die uniekheid van die stuk gegee: dis 'n boekstawing van die enigste keer waarvan hy weet dat Hitler tot driemaal dieselfde vraag openvolgend gestel is en dit elke keer hoflik en geduldig dieselfde antwoord gegee het!

(Word vervolg)

---

**Mnr. J. J. Gouws,** generaal van die Hoëveldse Kommando's (Gebied E) het onlangs 'n vryernstige operasie ondergaan in die Suid-Afrikaanse Hospitaal, Pretoria.

Dit is 'n genoeë om te kan meedeel dat die Generaal reeds sodanig herstel het dat hy die hospitaal kon verlaat en hy maak tans goeie vordering op sy plaas Witbank, naby Devon.

---

**'n Belangrike vergadering** van die hoofbestuur van die Afrikanerparty word op 29 September in Bloemfontein gehou, volgens 'n aankondiging van die voorsitter, mnr. Harm Oost.

# Onsigbare Gevolge Van A.P.-Kongres

**Voordat die kongres van die Afrikanerparty afgelope Julie-maand in Bloemfontein gehou is, het die koerante van die H.N.P. herhaaldelik berigte geplaas oor die Eerste Minister se voorneme om die kabinet met twee lede te vergroot ten einde o.a. addisionele verteenwoordiging in die kabinet te gee aan die Afrikanerparty. Die naam van mnr. J. H. Viljoen, L.V. vir Vryburg en onder-voorsitter van die Afrikanerparty is vryelik in hierdie verband genoem. Die berigte in die koerante van die H.N.P. het te kenne gegee dat dr. Malan teen die end van Julie 'n formele aankondiging oor die saak sal doen.**

**En toe het die kongres van die Afrikanerparty plaasgevind.**

**En sedertdien berig die H.N.P.-koerante niks meer oor die voorgenome vermeerdering van die aantal ministers nie; en bewaar die Eerste Minister 'n sorgvuldige stilswye oor die saak.**

### TELEURGESTELD

Die afleiding is dat iets op die kongres van die Afrikanerparty gebeur het wat die Eerste Minister nie aanstaan nie en wat hom derhalwe onwillig maak om 'n tweede lid van die Afrikanerparty in sy kabinet op te neem. Die propagandiste van die H.N.P. het in hul party se koerante uiteengesit in hoeverre die A.P.-kongres vir die H.N.P. teleurstellend was. En hierdie uiteensettings is die enigste beskikbare verklaring van dr. Malan se moontlike ontevredenheid met sy Afrikanerparty-bondgenoot.

**Volgens die H.N.P. se propagandiste is die party teleurgesteld omdat mnr. Havenga uitdruklik en by herhaling verklaar het dat hy nie bereid is om dr. Malan te ondersteun wanneer laasgenoemde fundamentele kleurwetgewing met 'n gewone party-meerderheid wil deurvoer nie — en die H.N.P. is besonder teleurgesteld dat die afgevaardigdes op die kongres eenparig die standpunt van mnr. Havenga onderskryf het. Voorts is die H.N.P. teleurgesteld dat die A.P.-leiers nie bereid is nie tot amalgamasie met die H.N.P. alvorens die H.N.P.-leiding nie 'n toegeeflike en vriendelike houding inslaan teen die gewone lede van die Afrikanerparty nie.**

### OORGAWE

Die H.N.P. het blykbaar gedink dat die vooruitsig om 'n addisionele setel in die kabinet te kry die Afrikanerparty tot volkome oorgawe aan sy sterker bondgenoot sou beweeg. Aangesien sodanige oorgawe egter uitgebly het, is die H.N.P. sigbaar teleurgesteld. Die party vestig nou sy hoop op die verkiesings in Suidwes. En die voorgenome uitbreiding van die kabinet is tans voorwaardelik gekoppel aan die uitslag van die verkiesings wat op 30 Augustus plaasvind. Die Vaderland, wat gewoonlik die standpunt van die Afrikanerparty stel, vermoed dat die uitbreiding van die kabinet uitgestel is tot September of selfs Oktober.

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR WAARNEMER**

### EIENAARDIGE POSISIE

Die vermoede dat die H.N.P. boos is oor die kleurstandpunt wat die Afrikanerparty — sy leier en kongres — ingeneem het, word versterk deur 'n verklaring wat mnr. J. L. V. Liebenberg, volksraadslid van die Afrikanerparty vir Lydenburg, volgens 'n berig in Die Burger sou gedoen het in Suidwes vanaf 'n Nasionale Party-verhoog. Mnr. Liebenberg sou gesê het dat die koukus van die Afrikanerparty sou besluit het dat die parlemenslede van die party vir die voorgestelde kleurlingwetgewing van die H.N.P. mag stem indien hulle verlang om dit te doen. Voorts sou mnr. Liebenberg gesê het dat hy persoonlik die kleurlingwetgewing van die H.N.P. ondersteun.

**Indien mnr. Liebenberg hierdie verklarings gedoen het dan kon hy dit gedoen het om die H.N.P. te paai — hy sou tog nie goedsmoeds die standpunt van sy leier en van sy party-kongres verloën nie. In ieder geval plaas hierdie verklarings mnr. Liebenberg ongetwyfeld in 'n eienaardige posisie.**

### GISSINGS

Op die jongste A.P.-kongres in Bloemfontein het mnr. Havenga sy standpunt oor dr. Malan se voorgestelde kleurlingwetgewing baie duidelik gestel en mnr. Liebenberg het op die kongres ten gunste van 'n mosie gestem wat die standpunt van sy leier onderskryf. In Suidwes het mnr. Liebenberg weer die standpunt van dr. Malan onderskryf. En dit nadat mnr. Havenga en dr. Malan reeds verlede jaar in Desember 'n verklaring uitgereik het om bekend te maak dat hul standpunte van mekaar verskil!

**Die belangrikheid van mnr. Liebenberg se beweerde verklarings in Suidwes en die publikasie wat die H.N.P.-koerante daaraan verleen, is geleë in die gissings wat dit laat ontstaan oor die mate van steun wat dr. Malan gaan kry van A.P.-parlementslede wanneer hy sy voorgestelde kleurlingwetgewing by die parlement indien. Propagandiste van die H.N.P. hou lank reeds vol dat dr. Malan aanstaande jaar fundamentele kleurwetgewing sal kan deurvoer — sonder mnr. Havenga en sy troue ondersteuners, dog wel met behulp van Suidwes se H.N.P.-verteenwoordigers en 'n onbekende aantal A.P.-parlementslede wat die standpunt van hul party en hul leier sal repudieer.**

Op die huidige stadium skyn dit derhalwe seker te wees dat die uitslag van die Suidwes-verkiesings 'n bepalende invloed gaan uitoefen op die patroon van die Unie se politiek.

---

**Die Britse Arbeidersparty** se meerderheid in die laerhuis het na vier gedaal deurdat een van sy lede, R. Blackburn, uit die party bedank het. Hy is ten gunste van 'n koalisie onder leiding van Churchill, wat tans die rol van opposisieleier vervul.

# Engelse Menings Oor Afrikaans

**Die 75-jarige herdenking van die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners het in die Kaapstadse Engelse pers kommentaar oor Afrikaans as taal uitgelok wat in vergelyking met wat in die vorige eeu van uit hierdie oord omtrent Afrikaans geskryf is, 'n verdere onderstreping is van die groot vordering wat daar gemaak is.**

Die Cape Times verwys na die „verbasende taalkundige restasie" van die vooruitgang van Afrikaans en verklaar:

„Die stryd was nie net teen oorstroming deur Engels nie, maar ook teen die vooroordeel van Afrikaners wat, deurdat hulle opgevoed is om Nederlands as hul skryftaal te beskou, dit moeilik gevind het om te glo dat hul eenvoudige taal 'n uitdrukkingsmiddel kon word waarin die krag, presiesheid, buigbaarheid en bekoorlikheid wat vir 'n letterkundige taal noodsaaklik is, verenig kon word. Die werk van Totius, Langenhoven en ander het die wysneuse beskaam en die twyfelaars oortuig. **Maar hoewel hierdie voorlopers eer moet ontvang, moet gelyke eer toegebring word aan die laer range van Afrikaners, veral professore, onderwysers en beroepsmanne wat deur middel van aanhoudende studie, teregwysing en voorbeeld die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners 'n gevoel van presiesheid in die gebruik van hul taal gegee het wat die meer slordige Engelse behoort skaam te maak. Die tweetalige reisiger in Suid-Afrika word voortdurend getref deur die suiwer en presiese Afrikaans wat gepraat word selfs in die mees afgeleë landelike distrikte.**

„Die grondslae is goed gelê; 'n Goethe, Schiller of Shakespeare sal in Afrikaans 'n uiters bruikbare middel vir sy genialiteit vind."

Die Cape Arugus maak ook melding van die „wonderbaarlike taalprestasie" van die afgelope 75 jaar en die ontwikkeling van wat eens beskou was as 'n dialek tot „'n nuwe lewenskragtige taal". „'n Gespierde en verbreidende letterkunde is bewys van sy vooruitgang en lewer 'n hegte grondslag vir die noodsaaklike tweetaligheid wat nog sneller sal ontwikkel indien daar beter geriewe vir die aanleer van die nuwe taal was. Afrikaans is werklik soos ,'n mosterdsaadjie wat 'n man geneem en in sy tuin geplant het, en dit het gegroei en 'n groot boom geword.' "

KRY LIEWER U WINTER-UITRUSTING BY Steyns DIE MODEWINKEL Parow

# Nehru Reik Hand Aan Rooi Sjina

**'n Amptelike veldtog om vriendskap tussen Indië en Kommunistiese Sjina te bevorder, is die beskrywing wat die Engelse pers gee aan Pandit Nehru se jongste pogings ten opsigte van Peking. Die Indiese beleid is gegrond op die standpunt dat afgesien van binnelandse politieke verskille Sjina en Indië die magtigste Asiatiese lande is en dat hulle terwille van Asië in noue samewerking met mekaar moet wees.**

Amptelike Indiese kringe erken dat Kommunisme in Asië beskou word as die grootste mag, **maar dat tensy Indië regstreeks deur militêre optrede bedreig, word, Indië hom by hierdie ontwikkeling sal aanpas en dit nie buite sy grense sal beveg nie, word berig.**

Nehru se standpunt is dat wat binne Sjina aangaan 'n binnelandse aangeleentheid is en hy glo nie dat daar in Rooi Sjina enige vyandige bedoelings teen Indië gekoester word nie. Gevolglik beywer hy hom ook vir die toelating van die Sjinese Kommuniste tot die V.V.O. — iets waarin hy deur sy leermeester Brittanje voorgegaan is.


### TIBET

**Die amptelike Indiese beleid is om handel en kulturele betrekkinge met Kommunistiese Sjina te bevorder, en ten einde hierdie beleid moontlik te maak, het Indië sy standpunt ten opsigte die verowering van Tibet deur Sjina in hersiening geneem. Indië sal voortaan geen teenstand bied teen so 'n optrede nie.**

**Die Indiese regering het ook opdrag aan sy diplomate in die buiteland gegee om al hul kragte in te span om ander regerings te oorreed om geen hulp aan die Sjinese Nasionaliste op Formosa te verleen nie. Dit is ook in oorstemming met hierdie beleid dat Indië geweier het om hulp te verleen aan die V.V.O. se stryd in Korea.**

---

**Die Nasionale regering** het nog nooit enige struikelblok in die weg van Britse immigrasie gelê nie, volgens 'n verklaring van Sir Dougal Malcolm, voorsitter van die 1920 Memorial Settlers' Association se uitvoerende bestuur in Brittanje. **Hy het gesê dat die immigrasie na Suid-Afrika 'n „klasse-immigrasie" is weens die teenwoordigheid van 'n naturelle-proletariaat, en gevolglik is dit beperk.**


PIONIERS


van Suid-Afrika se Sigaretnywerheid

VEERTIG jaar gelede moes Suid-Afrikaanse sigarette uitsluitlik van ingevoerde tabak vervaardig word. Die ontwikkelings wat die eie tabakblaar in staat gestel het om die ingevoerde produk te vervang, is die pionierswerk van die vervaardigers van Springboksigarette. Dit was hulle wat die, nou reeds geskiedkundige Departement vir Blaarontwikkeling, in die lewe geroep het, en Suid-Afrikaanse tabakboere met heelhartige geldelike en tegniese steun bygestaan het; hulle en Suid-Afrika se tabakboere het saam die fondamente van ons sigaretnywerheid gelê. As die oudste sigaretvervaardigers in die Unie, het hulle saam gegroei met die nywerheid wat hulle help vestig het.

Vervaardigers van

SPRINGBOK

Die Nasionale Sigaret




US402

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

**ALGEMEEN**

**Die Kleinbergkwekery, Posbus 16, Breërivier:** het nog oor en beskikbaar vir 1950 planttyd: Appelkoosbome 3,000 en Beluda 500, op pruim en perskewortel 500 Inkoos, 500 Tuscan Cling en 500 Princess Marina perskebome op perskewortel. Almal sterk en gesond teen £5/10/- per 100. Kontant met bestelling. 5% af. Geregistreerd. 16/8/3B

**Bergheim.—Vakansie-oord..** Posbus Kroondal, Rustenburg. Tel. 1023, Rustenburg. Goeie smaaklike etes, elektriese lig, binneveermatrasse, water in kamers, perdry, beste swembad, tennis en ander sport. Mooiste plek van omgewing. Terme redelik. **K. J. H. Behrens.** 2/8/5

**BEESTE**

**Te koop. Jersey koeie en verse:** Skakel 6811, Wellington. **Telegrafeer Du Toit, Malanstasie.** 19/7/13B

**SPEELSKEIE**

**Bottelskeie** 4/-; kopskeie 4/6; Agtkantige 5/-; Dubbelkop 5/6; per paar. Goeie houtsoorte. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.** 26/7/8

# VERVOERDIENS

*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*

**J. A. STRAUSS**

**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**

**P A R O W**




„Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerkgebou, vir **Radios, Elektriese Toestelle en Meubels.** Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, **Phil Morkel,** Posbus 2721, Kaapstad."

**GRYSHARE**

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**Antigrys kunsmatige haar,** kopvel voeding. **Herstel** gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**MEDISYNE**

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** A/1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg **Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg.** (Nr.1) 1/9/49

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 26/7/50/5

**MARK AGENTE**

**Kamerade Aandag!** As julle miskien 'n ander agent ondersteun het voordat ek begin het, kan julle mos darem so af en toe julle besendings deel, of hoe? Merk julle besendings **Bellingan, U.T.H.,** die Spoorweë verkies dit so. Plaas julle bestellings vir vrugtebome vroegtydig by **Sunrise Nurseries, Posbus 4 Nuweplaas.** 19/4/TK

**MEUBELS**

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, **PAROW,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

# *Was U Ook By Die Ossewaens?*

- **Het u ook gevoel hoe dit smaak wanneer Afrikaners saam verkeer as VOLKSGENOTE in plaas van PARTY-GENOTE?**
- **Het u ook gesien tot watter hoogtes ons volk in staat is wanneer hy die verlammende en verstikkende partypolitiek opsy skuif?**
- **Het u ook die bloed in u are voel bruis by die besef dat u besig is met iets wat aan u vaders behoort het?**
- **Wil u graag hierdie toestand laat terugkeer en dit vir die toekoms bestendig?**
- **Dan moet u ywer vir die herstel van die Afrikaner se EIE STAATSTELSEL op die grondslae deur ons vaders gelê.**
- **Daarmee kan u help deur nog 'n leser van DIE O.B. te wen.**
- **As elke leser nog een nuwe hierdie week bybring, is u krag aanstaande week verdubbel!**

## Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van.......................*

*.......................vir die eerste.......................maande.*

*NAAM*.......................................................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*.......................................................

.......................................................

.......................................................

.......................................................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**


## *Ander Se Menings*

# Kommunistiese Kweekskole

In die jongste aflewering van Die Kerkbode wys die redaksie op die ernstige gevaar wat die oprigting van Kommunistiese kweekskole inhou vir die voortbestaan van die Christendom in die Europese lande agter die yster-gordyn. Die blad skryf:

Luidens persberigte wat van tyd tot tyd onder ons aandag kom, sak die Kommunistiese regerings in Europa, by name in die Balkan, steeds meer toe op die Kerk van Christus. Dit is duidelik dat in daardie lande vandag weer teruggeroep is iets van die beeld van die oud-christelike Kerk onder Romeinse keisers, in die dae toe die Christendom nog verbode godsdiens was. Ons mag hiervoor seker met reg verwys na Tsjeggo-Slowakië, een van die lande waar sware druk op die Kerk en sy lewe uitgeoefen word. Verlede week het dinge in hierdie opsig weer 'n stap verder gevorder toe aangekondig is dat die regering „die keuring en opleiding van geestelikes onder sy beheer geneem het". Alle teologiese opleidingskole van die Roomse en Evangeliese Kerke is vervang deur staats-inrigtings en vir die Grieks-Ortodokse Kerk is 'n selfstandige skool in die lewe geroep.

### INGRYPING

So 'n staatsbeleid doen 'n greep na die hart van die Christelike Kerk. Die opleiding van sy leraars was ten alle tye vir die Kerk nie alleen 'n belangrike saak nie, maar inderdaad 'n lewenskwessie. Al is dit waar dat die Kerk in Europa en elders dit nie altyd goed verstaan het nie en, in sommige gevalle, ook toegelaat het dat die opleiding van sy leraars in verval geraak het, ewe waar bly dit dat die lewe en bestaan van alle Kerke baie nou saamhang met hierdie saak. Om die keuring en opleiding van sy leraars oor te laat aan die staat, of aan wie ook al, is 'n waagstuk wat alleen noodlottige gevolge vir die Kerk kan hê. Ons kan ons dan ook geen gevaarliker set voorstel as hierdie poging om die evangeliedienaar te verlaag tot 'n staatskreatuur en die Woord van God op die kansel in staatsboeie te laat knelter.

Hierdie teken des tyds herinner ons andermaal daaraan dat ons volgelinge is van Christus — en die gekruisig, en maan ons tot biddende waaksaamheid in ons eie land teen die moontlikheid selfs van sulke Kommunistiese kweekskole.

# Verandering Van Front

Na aanleiding van die regering se nuwe besluit om 'n taakmag na Korea te stuur om by die magte van die Verenigde Volke aan te sluit, nadat die regering eers besluit het om nie 'n mag te stuur nie, skryf adv. Pirow se Nuusbrief:

Dit sal vir die Sappe natuurlik 'n gulde geleentheid wees om aan die land te vertel dat hulle die kabinet tot hierdie frontverandering gedwing het. Die Ministers sal daarop weer met 'n sak vol soortgelyke „argumente" antwoord totdat die gewone burger vir al twee se redenasies moeg is. Weereens sal egter bewys word dat 'n regering wat sy sout werd wil wees nie alleen die regte ding moet doen nie, maar dat hy dit op die regte tydstip moet doen as hy daarvoor enige krediet wil ontvang. Nouja, 'n konsekwente houding, behalwe in sake van partypolitieke belang, was nog nie juis 'n uitstaande kenmerk van ons regering nie. Neem byvoorbeeld hulle rondspringery in verband met Duitsland: Eers meer pro-duits as die O.B. Daarna meer anti-Nazi as Smuts. Tans weer op pad om aan die wêreld te verduidelik hoe Duitsland die enigste land was wat die Kommunistiese gevaar behoorlik besef het en hoe die Bondgenote met die vernietiging van Duitsland vir Rusland bo-baas gemaak het. Dit is nie wat hulle met die afgelope verkiesing verkondig het nie. Toe was hulle ook sommer gou by die hand om alle afwykende Afrikaner-groepe as Nazis te brandmerk. Ons regering is goed, al is dit net omdat hy 'n duisendpersent verbetering op die Smuts-gemors daarstel. Maar hulle sal nog moet besef dat politieke opportunisme uiteindelik nie betaal nie. Die party wat altyd populêr wil wees deur gedurige frontverandering sal net aan bewind kom as hy 'n hopelose spul soos die Sappe vervang en sal slegs so lank aan bewind bly as wat daar, soos vandag die geval is, geen alternatiewe regering met 'n daadwerklike beleid sy verskyning maak nie. In hierdie opsig kan die Afrikaner-frontregering, waarvan ons so veel positiewe dinge verwag het, nie kers vashou by die Smeltersregering onder generaal Hertzog nie. Hierdie stelling mag vir sekere mense nie aangenaam wees nie, maar hy staan op pote en word gestaaf deur die wetgewing en administrasie van 1936 tot 1939.


**VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK**

**Direkteure:**
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Potgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

Teëls (Vloer en Muur), Kombuisopwasbakke (Terrazo en Vleklose staal), Vuurherde, Septiese eenhede vir gesondheid, Pilare, Wasvate, Bouers- en Loodgietersbenodigdhede, Staalrame, Verf, ens. 3/5/T.K.


# *Trotse Laksman Van Neurenberg*

**Die Amerikaanse blad Time bevat die volgende verhaal van die man wat as laksman opgetree het by Neurenberg en sedertdien meer as 300 teregstellings in Duitsland uitgevoer het:**

In die na-oorlogse Duitsland het die harde, bulnekagtige sersant John C. Woods van San Antonio sy werk verrig met die geesdrif en trots van 'n vakman. As die amptelike Amerikaanse laksman het hy gespog met meer as 300 geslaagde teregstellings en die kroon van sy loopbaan vier jaar gelede gespan met die ophang van die tien Nazi-leiers wat deur die Neurenbergse hof ter dood veroordeel is. „Nog nooit 'n teregstelling gladder sien verloop nie", het hy later opgeruimd gesê. Dit het hom niks ontstel nie toe kaalkop Julius Streicher, die Jodehater, hom toegesnou het: „Die Bolsjewiste sal jou ook nog eendag ophang."

### BANG

**Maar met verloop van tyd was laksman Woods meer en meer verontrus oor die wyse waarop die Duitse volk na hom gekyk het.** Hy het begin om twee rewolwers by hom te dra en opgemerk: „Indien die een of ander Duitser meen om my te kry, moet hy liewer seker maak van sy eerste skoot, aangesien ek met 'n rewolwer in die hand groot geword het." Eenmaal, net na 'n maaltyd in 'n leër-eetsaal het hy baie siek geword en hy was oortuig dat die Duitse kokke hom vergiftig het. Toe die leër hom later terugstuur was hy verheugd en nog meer so toe hy 'n halwe wêreld van Duitsland verwyder gestuur word na Eniwetok-atol in die Stille Oseaan.

**Verlede week het die leër daarvandaan saaklik aangekondig dat laksman Woods oorlede is. Oorsaak van sy dood: elektriese teregstelling per ongeluk.** (Woods was besig om 'n elektriese stoel in te rig vir verdere teregstellings, toe hy aan die drade geraak het).

---

**'n Elektriese kunsarm** wat deur 'n klein motortjie van krag voorsien en deur die tone beheer word, is in Amerika uitgevind. Na berig word is dit die kunsarm wat die naaste aan die natuurlike arm kom en dit kan aangeheg word selfs waar geen stompie van 'n arm oorgebly het nie. 'n Persoon kan daarmee skryf, tik, 'n deur oopsluit, vuurhoutjies trek, tandeseep uit 'n buisie druk en met 'n voorwerp gooi.

---

(Vervolg van bladsy 5 kolom 3)

stel in die Kleurling en sy probleme; dat ons die Kleurling moet leer ken en ons beywer vir sy belange. Die kennis kan ons opdoen eerstens deur te sorg dat ons die beskikbare materiaal oor die Kleurling bestudeer. Tweedens kan, soos reeds deur kleiner groepies in Kaapland gedoen is, deur blankes samesprekings met Kleurlinge gehou word om mekaar se standpunte te leer ken in verband met die Kleurlingprobleem.

**Ek wil ook verder pleit vir meer konsiderasie van die Kleurling se gevoelens in ons persoonlike optrede teenoor hulle en vir meer belangstelling in die ontwikkelde Kleurling se werk (kultereel, opvoedkundig, ens.) onder sy mense. (Ek wil hier veral ook 'n lansie breek vir die Kleurling-onderwyser op die platteland, wat 'n baie eensame lewe voer en aanmoediging en belangstelling nog veel meer nodig het as sy kollegas in die stede.)**

### 'N REËL

In die maatskaplike werk is daar 'n reël wat elke maatskaplike werker moet leer om toe te pas as hy vrug op sy werk verwag, **naamlik dat hy 'n persoon se probleem nie kan oplos sonder die persoon se samewerking en sy vertroue in die goeie bedoelings en opregtheid van die maatskaplike werker nie. Hierdie reël geld vir alle situasies waar 'n sterker persoon of groep 'n swakker persoon of groep wil help.** Die grootste rede vir die verwydering tussen die blankes en Kleurlinge is seker die gebrek aan eerstehandse kennis van mekaar se standpunte, wat gevolglik die wantroue by die Kleurlinge oor ons goeie trou teenoor hulle vergroot. As blankes kan ons besonder baie daaraan doen om hierdie wantroue uit die weg te ruim.

(Publikasies van Sabra is verkrygbaar van Posbus 238, Stellenbosch).

# Ons Het 'n Eensydige Beeld Van Kleurlinge Sê Geleerde

**'n Tien-twaalf jaar gelede het ek in die Kaapstadse stadsaal 'n pryswennerskonsert van 'n Afrikaanse kunswedstryd bygewoon waaraan kinders van die Kleurlingskole van die Skiereiland deelgeneem het, skryf dr. Erika Theron in die Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede (orgaan van Sabra). Die hele kunswedstryd is georganiseer deur die Kleurlingonderwysers. Ons klein klompie blankes wat daar was, het verbaasd gestaan oor die hoë gehalte van die werk, die beskaafdheid van die sang- en praatstemme en die besonder goeie gedrag van die honderde skoolkinders wat saam met hulle ouers die stadsaal kant en wal volgesit het — hul gedrag het veral gunstig vergelyk met dié van blanke kinders by soortgelyke byeenkomste.**

**Daardie aand het ek vir die eerste keer besef, soos ook telkens later by kennismaking met die meer ontwikkelde Kleurlinge, dat ek die Kleurling nooit voorheen geken het nie; en dit alhoewel ek in die Boland gebore en groot geword het, met Kleurlingbediendes in die huis werksaam, en, soos die meeste van ons plattelanders, met Kleurlingkinders as speelmaats — op grond waarvan so baie van ons van mening is dat ons met gesag oor die Kleurling kan praat.** As Bolander het ek egter eintlik net 'n paar Kleurlinge voorheen „geken" en dan ook maar in 'n baas-kneg verhouding. Van die Kleurlinge in ons land, ja selfs van die Kleurlinggemeenskap in my dorp — hulle doen en late op onderwysgebied, op kerklike gebied, ens. — daarvan het ek geen kennis gedra nie. En my onkunde is die van baie van my blanke landgenote.

### HET BELANGSTELLING NODIG

In ons land met sy veelvuldige vraagstukke is die Kleurlingprobleem besonder verwaarloos. Selfs in die Suide, waar die grootste persentasie van die Kleurlinge woonagtig is, het ons aan ons Universiteite reeds baie aandag aan die Naturel en die Armblanke geskenk en glad vergeet dat hier by ons (amper 30% van die Kleurlinge woon in die Kaapse Skiereiland en omstreke en 80% in Kaapland) 'n groep mense is wat ons aandag, hulp en belangstelling nodig het. Die Ondervelder sê so maklik „ek ken hom nie, ek verstaan hom nie, en ek wil met hom niks te doen hê nie" en die Bolander sê ook glad te dikwels „ek ken hom! Is ek dan nie 'n Bolander nie?" Wel ken ons, in 'n mate, dié wat as arbeiders by die blankes in een of ander hoedanigheid diens doen; ons sien hulle op straat raak as hulle „in ons pad" is, miskien te luidrugtig is na ons smaak of dronk is; ons ken hulle in ons letterkunde as die komiese figure waaroor gelag word; ons raak net so nou en dan geïnteresseerd in hulle as ons hulle stemme wil hê.

Vir baie blankes is dit soms 'n hele openbaring om te hoor dat daar sobere, vooruitstrewende, verligte Kleurlinge is wat hulle doelbewus daarop toelê om hulle eie omstandighede sowel as dié van hulle groep te verbeter.

### VERBITTERD

**Omdat daar egter by die meeste van ons nie voldoende belangstelling vir die Kleurlinge is nie, besef ons nie hoe verbitterd veral die ontwikkeldes onder hulle voel teenoor die blankes nie.** Lees maar, om 'n idee te vorm van wat in die mense se gemoedere omgaan, die gedigte van Pieterse of Dark Testament, Song of the City en ander boeke van Peter Abrahams. Die gevoel geld die Afrikaans- sowel as Engelssprekendes. By 'n byeenkoms van 'n groepie blankes met 'n aantal Kleurlingonderwysers is laasgenoemde gevra wie hulle die minste vertrou, die Engelse of Afrikaners en sonder aarseling was die antwoord: „Die Engelsman vertrou ons net so min soos die Afrikaner — die Engelsman skop ons net van agter!"

Waar daar by baie Kleurlinge eers welwillendheid en samewerking was, vind ons vandag al hoe meer verwydering en bitterheid. **Die entoesiastiese leier van daardie Afrikaanse kunswedstryd wat hierbo beskryf is — 'n onderneming wat hy aangepak het trots teenstand van sommige van sy kollegas wat niks met Afrikaans te doen wou hê nie — is vandag 'n verbitterde vegter vir die „regte" van sy mense. 'n Mens vra jouself af of gebrek aan belangstelling by die blankes nie minstens ten dele verantwoordelik is vir hierdie verandering in gesindheid nie.**

### KLAGTES

Baie van die aanklagte van die Kleurlinge teen die blankes is natuurlik ongegrond en onbillik, maar ek wil tog vervolgens 'n aantal bronne van ontevredenheid noem waaraan ons gerus aandag kan skenk.

Die Kleurling kla dat ons in ons omgang met hulle, hulle as 'n minderwaardige ras behandel. **Dit is natuurlik vanselfsprekend dat enige fyn beskaafde mens teenoor enige lewende wese, wat sy ouderdom, ras of kleur ook al mag wees, beleefd behoort op te tree.** Soms staan 'n mens egter verstom oor die uiterste onbeleefdheid van blankes teenoor Kleurlinge. So vertel 'n Kleurlingonderwyser hoe hy onlangs deur 'n klomp blanke skoolseuns van die sypaadjie afgestoot is met die woorde: „Loop in die pad, jou hotnot!" Hierdie een voorbeeld sou ek kon aanvul met talle insidente van 'n soortgelyke aard wat ek self waargeneem het. Weliswaar spruit die optrede van die blankes dikwels eerder uit onbedagsame onkunde en jeugdige onbesonnenheid as uit moedswillige onbeleefdheid. **Maar ons moet let op hierdie dinge en ons jongmense ook in hierdie verband leiding gee.**

### NET SLEGTE KANT

Die Kleurlinge kla ook dat die pers net aan die minder gunstige kant van die Kleurlinglewe publisiteit gee. Net wanneer hulle diefstal of moord gepleeg het of 'n ander oortreding begaan het, word aan hulle aandag deur die pers geskenk, en dan word hulle foto's ook soms geplaas! **Aan die Kleurlinge wat goeie, wetsgehoorsame burgers is en aan die ontwikkelde groep se doen en late word omtrent niks publisiteit gegee nie. By 'n onderwyserskongres sal byvoorbeeld net prominensie verskaf word aan een of meer skerp uitlatings en die res word verswyg.** Ook ons tydskrifte, sê hulle, plaas net verhale waarin die eenvoudige of die dronklap-Kleurling voorkom. Dit dra natuurlik alles by om die blankes 'n skewe beeld te laat kry van die Kleurlingbevolking soos hulle werklik is.

### NEGATIEF

Daar word verder deur die Kleurlinge gekla dat ons te negatief is in ons optrede. Daar word net nadruk gelê op wat hulle nie mag doen nie en waar hulle nie mag gaan nie. Ons apartheidsbeleid ten opsigte van die Kleurlinge, so meen hulle, is te negatief. Selfs verskeie blankes wat die apartheidsbeleid voorstaan, het ook al hierdie mening in die openbaar uitgespreek.

**Aan die ander kant moet in gedagte gehou word dat daar baie blankes is, waaronder apartheidsvoorstanders, wat dit werklik wel meen met ons Kleurlingbevolking, en dat daar dikwels 'n gebrek aan waardering by Kleurlinge is vir wat deur blankes in hulle belang gedoen word.**

Die Kleurling verlang na opregte belangstelling. Hulle wil erken word as gewone wesens. Maar in stede daarvan word hulle deur sekere sentimentaliste behandel en selfs opgehemel as „veronregtes" en vir baie ander weer bly hulle maar die stereotiep — 'n „Toiings" — die Kleurling vir wie hy lag of bejammer. In stede hiervan wil hulle gesien word as 'n groep wat alle soorte indiwidue insluit — van die beste en die swakste — 'n groep met strewes en ambisies net soos ander.

### LEER KEN

Ek wil dus daarvoor pleit dat ons blankes meer moet belang-

(Vervolg op bladsy 4 kolom 4)


## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | | |
|---|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers | @ 15/- | elk |
| Mercury Draadheg-masjiene | @ 29/6 | elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte | @ 6/9 | elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/- | per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. | @ 7/8 | per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. | @ 5/7 | per Riem |

Losblad Grootboeke — alle grootte in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071


## VERJAARDAG-KETTING

**AUGUSTUS**

23 Rulofina Nortje, Philippi. Sarie Gerber, George.
24 Frikkie de Beer, Kakamas. Christiaan Auret, Paarl. M. Swiegelaar, Oudtshoorn.
25 Magda Roux, Franschhoek. J. Fourie, Oudtshoorn.
27 Janetta Venter, Pietersburg. Hendrina de Klerk, Cedarville.
28 Tinie Welthagen, Mooinooi. Elizabeth Willemse, Bultfontein.

## Vertakking Van ‚Koue' Oorlog

Nadat verskillende gevalle van ernstige sabotasie in die afgelope weke in Brittanje plaasgevind het, word berig dat vasgestel is dat Moskou 'n uitgelese sabotasie-mag georganiseer het om skade aan te rig in Britse wapenfabrieke en dokke. Die Russiese spioenasie-netwerk word vanaf Parys georganiseer en bestuur vanwaar alle inligting na Moskou gestuur word. Laasgenoemde gee dan opdrag watter skepe en fabrieke beskadig moet word.

'n **Vierling** — twee seuns en twee dogters — is verlede week in Australië gebore. Die verskil in ouderdom tussen die oudste en jongste is 50½ uur.


**BOERE U KRY**

MAKSIMUM PRODUKSIE EN GROTER BESPARING

DEUR DIE GEBRUIK VAN

Epol Gebalanseerde Rantsoene

S.A.P.V. PLUIMVEE-MENGSELS EN -PILLE — SUIWEL- KALF- EN VARKMEEL

VEREENIGING CONSOLIDATED MILLS BPK.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414






**REIS vergemaklik**

Ook die ingewikkeldste reisplan, die uitgebreidste toer, word net so maklik as 'n plaaslike uitstappie, indien u die reëlings aan die S.A.S.-toeristeburo oorlaat. En u het net een kantoor om te besoek, een betaling om te doen.

Kaartjies, plekbesprekings, vir land-, see- of lugreise, maaltye en beddegoed onderweg, hotelakkommodasie; die Toeristeburo sal dit alles vir u reël en u vrylaat om u reis te geniet. Indien u per Springbokdiens vlieg en u deur middel van die Toeristeburo u plek bespreek, dan sal hotelakkommodasie in die Verenigde Koninkryk vir u gereël word.

*Spreek u naaste Toeristeburo of Stasiemeester*

S·A·S TOERISTEBURO

*Luister na Carmen Cavallaro oor Springbok-radio elke Dinsdag-, Donderdag- en Saterdagaand om 7-uur*

# SLAAN CHRISTENE MET HAND WAT DEUR V.S.A. BELAAI WORD

## Tito Vervolg Nog Sonder Berisping

**As 'n man 'n „Fascis" genoem word, dan word vyf jaar na die vernietiging van „Fascisme" deur die Westerse politici geëis dat hy moet wyk voordat enige ekonomiese hulp of politieke erkenning aan sy staat verleen word. Dit immers is die beleid wat nog steeds in Spanje ten opsigte van genl. Franco se bewind gevolg word. Maar as hy 'n volbloed Kommunis is in hierdie dae waarop die bloed loop om Kommunistiese agressie die hoof te bied, dan word hulp en erkenning gratis aangedra, sonder die minste sweem van 'n versoek tot inkorting van Kommunistiese wanpraktyke. Dit is immers die beleid wat nog steeds in Joego-Slawië ten opsigte van Tito se rooi bewind gevolg word. Intelligence Digest wys daarop dat godsdiensvervolging in Joego-Slawië nog net so voortgaan as voorheen ten spyte van die Westerse steun aan Tito in sy twis teen Stalin se Kominform. Die blad verklaar:**

Dit skyn of Tito se bewind steeds meer ongewild word. Die hoop op 'n mensliker bewind na die breuk met die Kominform is nie verwesenlik nie. Waarnemers verklaar dat behalwe voormalige partisane en diegene met gevestigde belange in die bewind, weinig daarvoor met meer geesdrif sal veg as wat hulle dit gedoen het vir die regering van koning Pieter teen die Duitsers. **Die twee belangrikste redes vir hierdie onverskilligheid is die voortdurende godsdiensvervolging en die vyandigmaking van die boere.**

### VERVOLGING

Die dophouding en vervolging van geestelikes duur nog voort soos voorheen. **Gedurende 1949 is meer as honderd priesters in hegtenis geneem. Meer as 500 priesters verkeer nog in tronke onder toestande wat ooreenstem met dié in Sowjet-beheerde lande. Meeste van hulle is in donker, klam ondergrondse selle sonder verwarming, water of beddegoed. Vanselfsprekend is hulle vol luise en geen reiniging word aan godsdienstige gevangenes toegelaat nie. Baie beswyk spoedig aan tering. Slanery en foltering word soms toegedien.**

Landelike gemeentes word stelselmatig van hul geestelikes beroof. Baie kerke word gesluit. 'n Onlangse bevel verbied geestelike bediening aan gevangenes, selfs aan sterwendes. In sommige tronke is dit 'n oortreding om te bid.

### BITTERHEID

Dit alles, tesame met godlose onderwys in die skole het diepe bitterheid laat ontstaan, veral in Kroasië en Dalmasië.

Sover dit die boere betref, is hulle feitlik 100 persent teen die regering. Nominaal is kollektiwisme vrywillig, maar in werklikheid word diegene wat nie saamstem nie òf in tronke gestop òf onmoontlike kwotas opgelê . . . . Tronke en konsentrasiekampe loop oor van boere en kleinboere.

### V.S.A.-BELEID

**Ongelukkig word die Amerikaanse beleid vertolk as ondersteuning van Tito. Die Verenigde State word al meer deur die volk vereenselwig met sy diktatuur. Daar heers ook die indruk dat die Verenigde State selde aarsel om hom in te laat met die binnelandse sake van diegene aan wie hy hulp verleen. Baie Joego-Slawiërs kan gevolglik nie begryp waarom Washington Tito nie dwing om 'n minder hardhandige beleid en 'n bietjie meer demokrasie toe te pas nie. Die gety van ondersteuning is besig om af te neem. Indien Tito op doeltreffende wyse bestraf en gedwing kan word om ooreenkomstig die Westerse beginsels te handel, sal die onsterflike dank van die Joego-Slawiërs geoes word. Die mense sou dan voel dat hulle iets het om voor te veg teen die Kominform. Op die oomblik het hulle geen sodanige gevoel nie.**

§„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

# Weste Kleef Vas Aan Potsdam — Weier Leër Van Vlugtelinge

**Geallieerde amptenare voel baie besorg oor die wenk wat in sommige Duitse kringe uitgespreek is en tans vinnig veld wen, om die tien miljoen Duitse vlugtelinge in Wes-Duitsland as 'n rekruteringsbron te gebruik vir die oprigting van 'n Duitse leër. Daar word verklaar dat hierdie Duitsers wat uit hul huise in Oos-Europa deur die Kommuniste verdryf is, die gretigste sal wees om teen die Kommuniste te veg. Dit sal terselfdertyd die vraagstuk van werkloosheid onder hulle tot 'n groot mate oplos.**

Die Westerse politici, aldus 'n berig in die Engelse pers, is egter bang dat enige Duitse leër wat op die vlugtelinge gegrond is, hulle tot die aanvaarding van 'n beleid ten opsigte van die Oos-Duitse grondgebied sal dwing wat hulle nie bereid is om te aanvaar nie. Die vlugtelinge eis naamlik die teruggawe van Oos-Pruise, die gebied anderkant die Oder-Neisse-linie en die Sudetenland. **Die Geallieerdes het egter ingewillig dat die Duitse gebied by Pole ingelyf kon word in die plek van die Poolse gebied wat deur Rusland ingesluk is, en hoewel hulle hierdie toestemming beskryf het as maar net 'n voorlopige reëling tot tyd en wyl 'n vredeskonferensie belê word, is hulle nie bereid om nou al standpunt in te neem ten gunste van die teruggawe daarvan aan Duitsland nie. Hulle vrees dat 'n leër van vlugtelinge hulle tot so 'n beleid kan kompromitteer.**

## Vader Van K. G. Oorlede

Mnr. Johannes Frederick van Rensburg, vader van dr. Hans van Rensburg, is verlede Vrydag naby Pretoria in 'n hospitaal oorlede in die ouderdom van 83 jaar.

Mnr. Van Rensburg was 'n landmeter en woonagtig in Winburg. Ten spyte van sy hoë ouderdom het hy sy beroep voortgesit tot kort voor sy dood.

Behalwe die K.G. word hy oorleef deur nog ses ander kinders.

Namens die Ossewabrandwag wens ons ons meegevoel te betuig met die K.G. en die ander lede van die familie.

*Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."*

## Aan die Nuusfront

# Hoërhuis Afgeskaf In Nu-Seeland

**'n Wet wat die Nu-Seelandse hoërhuis afskaf, is verlede week deur die hoërhuis self aangeneem na 'n kwaai stryd wat geëindig het in 'n stemming van 26 teen 16.**

**Die hoërhuis, wat 96 jaar lank deel uitgemaak het van die land se parlement, is onlangs deur die nuwe eerste minister as waardeloos beskryf.**

* * *

**'n Gesamentlike verdedigingsplan** vir Afrika sal aan die einde van September in Londen bespreek word. Die oogmerk is dat alle Westerse lande wat belange in Afrika het, moet saamwerk om Afrika teen die Kommuniste te verdedig.

**Tweederdes van die geld wat** nodig is vir die immigrasie van die 600,000 Jode wat in Israel binne die volgende drie jaar toegelaat sal word, moet deur Jode in die buiteland byeengebring word, het die Joodse eerste minister, Ben-Gurion, verlede week gesê. Van die Amerikaanse Jode wil hy 'n biljoen dollar hê.

* * *

**'n Hewige aardbewing** wat meer as twee uur lank geduur het en 2,000 geboue laat instort het, het verlede Woensdag in Oos-Indië voorgekom. 'n Rivier se loop is ook verander, maar die lewensverlies was gering. Die hewigheid van die skokke word as byna 'n rekord beskou.

**BRILLE**
**Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.**
**GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.**
**GEHOORAPPARAAT**
**OOK IN VOORRAAD**
**Die Voortrekker-Apteek**
Kerklaan, KAAPSTAD.
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.
**Besoek ons of skryf om Besonderhede.**

